basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL
Graad 10
Hersieningsoefeninge

Leesbegrip

2020

Bronne: Provinsiale en DBE Eksamenvraestelle en Nasienriglyne

Erkenning word hiermee verleen aan die volgende samestellers van die

Graad 12 Afrikaans Tweede Addisionele Taal Vraestelle en Nasienriglyne:

Mpumalanga Departement van Onderwys

Noord-Wes Departement van Onderwys

OEFENING 1

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

30 Minute saam met Noeleen

1. Sue Grant-Marshall het met die bekende kletskoningin van 3talk gaan praat.
2. Noeleen Maholwana-Sangqu is 40 jaar oud en sê as mense na haar verwys as Suid-Afrika se Oprah (wêreldbekende kletskoningin) dink sy dis 'n groot kompliment, maar sy is haar eie mens. Sy sê ook dat sommige Suid-Afrikaners moet leer om gelukkig en selfversekerd te wees en nie altyd hulself met ander te vergelyk nie.
3. Sy vertel dat sy as kind in 'n eenvertrek-woonstel gewoon het. Haar ma het in 'n skoenfabriek gewerk. Noeleen het baie gelees. Sy het gehou van *Hardy Boys* en *Famous Five*. Op 52 is Noeleen se ma dood. Sy het die aand gaan slaap en net nooit weer wakker geword nie. Noeleen het haar dood moeilik verwerk.
4. Na matriek het Noeleen gaan werk om geld vir studies bymekaar te maak. Sy het die graad BA Kommunikasie aan UNISA (Universiteit van Suid-Afrika) behaal. Vir sewe jaar het sy by Radio Transkei gewerk. Daarna het sy vir verskeie radio-stasies gewerk. Urban Brew se bestuurder het haar gebel en gevra om 'n TV-program te hanteer. Dit was die begin van 3talk.
5. Sy is reeds vyf jaar by 3talk. Sy sê dat sy seker sal ophou wanneer dit haar gaan verveel – op die oomblik is die sprankel nog daar! "Ek is nog elke dag bang en vrees dat iets verkeerd kan loop. Daar is so baie adrenalien wat my aan die gang hou – partykeer help ek die gaste as hulle senuweeagtig is."
6. Ek het 3 kinders: Tando (12) en 'n tweeling, Khanya en Siyanda (6). Hulle kyk graag as hul ma op TV is en ek is verondestel om soentjies te blaas. Haar man, Andile, is 'n rekenmeester en hulle woon in Sandton.
7. Noeleen is baie lief vir sjokolade. Lindt is haar gunsteling. As sy baie gesond wil eet, koop sy vetvrye lekkers. Sy hou van pret!
8. Sy wou baie graag met oud-president Nelson Mandela op 3talk 'n onderhoud gevoer het. Sy sê dat dit haar beste onderhoud ooit sou wees!

[Verwerk uit: *Nuwe Afrikaans Sonder Grense* Studiegids]

1.1. Wat is Noeleen se van? (1)
1.2. Hoe oud is sy? (1)

1.3. Voltooi die onderstaande sin deur 'n naam uit Paragraaf 1 in te vul.

… het met die kletskoningin van 3talk gepraat. (1)

1.4. Met watter internasionale kletskoningin word sy dikwels vergelyk? (1)

1.5. Waar het Noeleen se ma gewerk? (1)

1.6. Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.6) en die letter (A-D) neer.

Die woord 'klets' beteken om te …

A. skryf
B. sing
C. praat
D. huil (1)

1.7. Wat moet sommige Suid-Afrikaners nie doen nie? (Paragraaf 2) (1)

1.8. Noeleen het baie gelees. Gee die titels of name van TWEE boeke waarvan sy gehou het. (2)

1.9. Sê waarom of die volgende stelling WAAR is. Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit Paragraaf 4.

Na matriek het Noeleen dadelik gaan werk. (1)

1.10. Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Noeleen het by (een/verskeie) radio-stasies gewerk. (1)

1.11. Hoe lank was sy by 3talk toe hierdie artikel geskryf is? (1)

1.12. By watter universiteit het sy gestudeer? (1)

1.13. Watter soort sjokolade is vir Noeleen die lekkerste? (1)

1.14. Wat wou Noeleen baie graag op 3talk gedoen het? (1)

1.15 Pas die beskrywing in KOLOM A by die person in KOLOM B. Skryf net die Vraagnommer (1.15.1) en die letter (A – D) neer, bv. 1.15.1 G.

KOLOM A	KOLOM B
1.15.1 Sue Grant-Marshall 1.15.2 Noeleen Maholwana-Sangqu 1.15.3 Thando 1.15.4 Kanya en Siyanda 1.15.5 Andile	A Tweeling B Oudste kind van Noeleen C Kletskoningin D Rekenmeester E Oud-president F Onderhoudvoerder

(5)

1.16 Noem TWEE ander plekke waar Noeleen gewerk het. (2)

1.17 Dink jy Noeleen hou van vetvrye lekkers? Motiveer jou antwoord. (1)

1.18 Noem EEN ding waarvan Noeleen baie hou. (1)

TEKS B: ADVERTENSIE

Lees die advertensie en beantwoord die vrae.

1.19 Waarom is “Ek haat jou!” vetgedruk en in groot letters geskryf? (1)

1.20 Waarom dink jy, volg daar ‘n uitroepteken na “Ek haat jou!”? (1)

1.21 Watter statistiek vind die leser in die advertensie? (1)

1.22 Wat is die funksie van die statistiek wat gegee word? (1)

1.23 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die vraag: “Kan jy help?” is ‘n … vraag.

A retoriese
B lastige
C moeilike
D kontrasterende (1)

1.24 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

“Stop wreedheid teenoor kinders. **PUNT**.”

Die vetgedrukte **PUNT** dui aan dat die adverteerder …

A sy standpunt gemaak het.
B niks te sê het nie.
C die advertensie afsluit.
D wil sê dat die leesteken na die sin volg. (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

OEFENING 2

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae

Koeitjies en kalfies

'n Rotstekening van beeste en ander diere wat meer as 17 000 jaar oud is, is in 1940 in grotte in Lascaux, Frankryk, gevind. Dit wys hoe ver terug ons verbintenis met dié diere is.

Vandag is daar baie verskillende beesrasse en word hulle hoofsaaklik vir hul vleis, melk en vel (leer) aangehou. Net soos ander wildsoorte soos bokke, is beeste ook eers vir hul vleis en vel gejag. Namate die landbou ontwikkel het en landerye bewerk is, is beeste mak gemaak om die ploeg te trek. Mense het ook hul melk begin gebruik. Vandag kan ons beesrasse in drie groepe verdeel: vleisrasse, melkrasse en dubbeldoelrasse wat vir vleis- en melkproduksie gebruik word.

Beeste is soogdiere. Dit beteken hulle is gewerwelde, warmbloedige diere wat hul kleintjies soog. Dit beteken die kalfies drink aan hulle ma. Alle soogdiere, hoe groot of klein ook al, het sewe nekwerwels. Beeste is ook herkouers. Dit is plantvretende diere met gesplete hoewe wat hulle kos herkou (weer kou). Hulle vreet hoofsaaklik gras en struike. Hiervoor gebruik hy sy lang tong. Die boonste laag van die tong is die deklaag of epiteel. Dit is hard en het nie veel gevoel nie. Die tong is skurf, want dit is met klein doringagtige uitsteeksels bedek.

Net soos alle herkouers het die bees net aan die onderkaak snytande. Die bokaak word met harde epiteellaag bedek. Dis ongevoelig en dien as snyoppervlak vir die onderste tande.

Die tong word om die gras geswaai en dit word met 'n vinnige pluk afgesny deur die tande. Beeste wei net 'n paar uur per dag. Daarna gaan hulle rustig lê of staan en herkou. 'n Melkkoei drink tot 80 liter water per dag. Op 'n warm dag kan 'n koei tot 180 liter water drink.

'n Kalfie kan net na geboorte loop en kan dadelik aan sy ma begin drink. 'n Koei ken haar kalfie aan sy reuk uit.

[Verwerk uit *Huisgenoot*-skooltake 2015]

1.1. Waar is die rotstekening gekry? (2)

1. 2. Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.2) en die letter (A-D) neer.

Ons het al ..... lank ŉ verbintenis met beeste.

A. 17 jaar

B. 1940 jaar

C. 17 000 jaar

D. 75 jaar (1)

1.3. Om watter drie redes word beeste vandag aangehou? (3)

1.4. Kies die regte antwoord en skryf die woord neer.
Beeste is (gejag/mak gemaak) vir hulle vleis en velle. (1)

1.5. In die tyd voor trekkers, is beeste gebruik om landerye te..... (1)

1.6. Watter drie beesrasse het ons vandag? (3)

1.7. Waarom word beeste soogdiere genoem? Gee drie redes. (3)

1.8. Voltooi die sin deur EEN woord uit paragraaf 3 in te vul.

Beeste het ..... nekwerwels. (1)

1.9. Wat vreet beeste hoofsaaklik? (2)

1.10. Noem enige twee eienskappe van die bees se tong. (2)

1.11. Skryf slegs die vraagnommer (1.9) en die letter (A of B) neer.

Die snytande van die bees is in sy …

A. bokaak

B. onderkaak (1)

1.12. Beeste vreet die hele dag. Waarom is die stelling onwaar? (1)

1.13. Hoeveel water kan 'n koei op 'n warm dag drink? (1)

1.14. Kies die korrekte woord uit die wat gegee is en vul dit op die regte plek in.
(smaak ; ruik ; gehoor : loop)
'n Koei ken haar kalfie uit aan hoe hy 1.14.1..... en kalfies begin dadelik na geboorte 1.14.2. ..... (2)

TEKS B. VISUELE TEKS

Bestudeer die teks en beantwoord die vrae.



1.15. In watter twee provinsies gaan die son heel dag skyn? (2)

1.16. Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die woord neer.
Die (Vrystaat/ Wes-Kaap/ Mpumalanga) gaan dit die koudste wees. (1)

1.17. Waar gaan die wind beslis waai? (1)

1.18. Wat gaan die temperature wees in Limpopo? (1)

1.19. Noem een van die provinsies waar dit kan reën. (1)

TOTAAL VAN AFDELING A: 30

OEFENING 3

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel **(TEKS A)** deeglik en beantwoord dan die vrae.

Gospel met ’n boodskap

Gospel met ’n boodskap – dis hoe die 7de Laan-speler, Zane Meas, sy eerste album, Hart van die Vader, noem.

“Daar is baie min gospel-albums met ’n boodskap. Party kunstenaars maak albums sonder ’n goeie rede. Dit is waarom ek al die jare eers wag”, sê Zane.

Hy is pa van drie kinders. Hy is baie lief vir sy kinders. Dit is ’n rol wat hom baie na aan die hart lê. Die album gaan dan ook oor pa-wees. Baie van die liedjies gaan oor pa-wees en die rol wat ’n vader in die huis het. “Dit is ook die boodskap wat ek in kerke en vir die gemeenskap vertel. Ek wil hê mense moet lekker na die CD luister en dit geniet.”

Zane is vanaf Februarie terug in die sepie in die rol van die redakteur van die Hillside Times, Neville Meintjies. Hy het nege van die liedjies op die album self geskryf. Die album het hy binne agt weke gemaak.

Die rockster, Karen Zoid, het ook ’n liedjie vir die album geskryf. “Een van die mense wat my met die album gehelp het, Rixi Roman, speel ook in Karen se groep. Dit is hoe ek en Karen mekaar leer ken het.”

Die liedjie op die album waarvan hy die meeste hou is “Brood gebreek vir my.” Hy het aan sy TV-seun, Errol, gedink toe hy die liedjie geskryf het. Errol word deur Christo Davids gespeel. Christo gaan ook in die musiekvideo van die CD speel.

Meer inligting oor Zane

Verjaarsdag: 15 September

Getroud met drie kinders.

Woon in Johannesburg.

Speel ook in “Bure op die Stoep”

Wen Zane se Album

Tien lesers kan elkeen ’n album wen. SMS net ZANE en jou naam en adres na 22449. Elke SMS kos R2

1.1 Wat is die naam van Zane se eerste album? (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die gospel-album wat Zane uitgee het ‘n duidelike (boodskap/rol). (1)

1.3 Waaroor gaan die gospel-album.? Noem EEN aspek. (1)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die letter (A – D) neer.

“Dit is ‘n rol wat hom baie na aan die hart lê” (paragraaf 3)
As iets jou ***na aan die hart lê*** beteken dit dat dit …

A vinnig afgehandel moet word.
B baie belangrik is vir jou.
C ‘n siekte naby jou hart is.
D iets is wat langs jou lê. (1)

1.5 Watter werk doen Zane in die 7de Laan? (1)

1.6 Wat is sy naam in 7de Laan? (1)

1.7 Watter rockster het ’n liedjie vir sy album geskryf? (1)

1.8 Zane het tien van die liedjies op die album self geskryf.

Waarom Is die stelling ONWAAR?

Motiveer jou antwoord deur slegs ‘n sin uit die teks neer te skryf. (1)

1.9 Zane was nie Errol se regte (*biological*) pa nie.

Waarom Is die stelling WAAR?

Motiveer jou antwoord met EEN sin uit die teks. (1)

1.10 Wanneer verjaar Zane? (1)

1.11 Wat moet jy doen om Zane se album te wen? (1)

1.12 Hoeveel kos die SMS’e elk? (1)

1.13 In watter taal is die CD van Zane opgeneem? (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die woord “inligting” beteken (informasie/inrigting). (1)

1.15 Dink jy ‘n mens kan ryk word as jy ‘n CD maak en verkoop? (1)

[15]

VRAAG 2: TV-SKEDULE

Lees die TV-skedule (**TEKS B**) en beantwoord dan die vrae.

VRYDAG 27 MAART

TV 1	TV 2	TV 3
09:00 Isidingo	10:00 Takalani Sesame	12:10 3 Talk
10:00 Learning Channel	10:30 Wild Touch	13:00 Nuus
12:00 Friends Like These	11:00 Nature X Cursions	13:30 Nuushooftrekke
13:00 Yilungelo Lakho! It's Your Right	11:30 Women in Sport	14:00 Generations
14:00 Muvhango	12:00 Dr. Phil	14:30 Isidingo
14:30 Zola 7	13:00 Days of Our Lives	15:00 Membas Only
15:00 Yo TV	13:45 Judge Hatchett	15:30 URBO: The Adventures of Pax Afrika
17:30 Nuus	14:30 Where Were You?	16:00 3 Talk
18:00 The Bold and the Beautiful	15:00 7de Laan	16:55 Days of Our Lives
18:30 Jam Alley	15:30 Muvhango	17:45 The Oprah Winfrey Show
19:00 My Wife and Kids	16:00 Tube	18:30 Isidingo
19:30 Nuus	17:30 Nuus	19:00 Nuus
20:00 Generations	18:00 Voetspore	19:30 Standard Bank Pro20
20:30 2011 Sterre van Mzansi	18:27 7de Laan	22:30 Happy Gilmore
22:00 **Assassination tango**	19:00 Nuus	**Komedie**. *'n Mislukte yshokkiespeler begin gholf speel sodat hy geld kan maak om sy ouma se huis te red. Met Adam Sandler en Julie Bowen*
Drama *'n Sluipskutter op 'n sending in Argentinië se aandag word deur 'n beeldskone tango-afrigter afgelei. Met Robert Duvall en Ruben Blades.*	19:30 Noot vir Noot	00:30 **Tumbleweeds**
	20:30 Nuus	**Drama.** *Met Janet McTeer en Kimberley Brown*
	21:00 Masakeng	
	21:30 House of Payne	
	22:00 Blow by Blow	

[Verwerk uit: *Volksblad*, 27 Maart 2009]

1.16 Hoe laat sal jy na **Zola 7** op SABC 1 kyk? (1)

1.17 Op watter kanaal sal jy na **7de Laan** kyk? (1)

1.18 Wat is die naam van die komedie op SABC 3? (1)

1.19 Hoeveel keer op 'n dag kan jy na die Nuus op SABC 1 kyk? (1)

1.20 Wie is die TWEE akteurs in die film om 22:00 op SABC 1? (2)

1.21 Mens kan Muvango net op **SABC 1** kyk.

Waarom is die stelling ONWAAR? (1)

1.22 Watter kanaal saai "Learning Channel" uit? (1)

1.23 Dink jy dit is goed dat ons 'n TV skedule kry? (1)

[9]

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Kyk na en lees die advertensie **(TEKS C)** en beantwoord dan die vrae.

PANADO

Ma's het die beste raad vir regte pyn en koors. Hulle ken ook alle planne wat kinders kan maak om nie skool toe te gaan nie.

Ma's gebruik tablette (pille) en stroop vir siek kinders

Die pediater se keuse

[Verwerk uit: *Leef* Februarie 2009]

1.24 Watter medisyne verkies alle Ma's? (1)

1.25 Kies die KORREKTE antwoord.

Panado is die _____ se keus

A Chirurg
B Pediater
C Oogarts
D Tandarts (1)

1.26 Gee TWEE vorms waarin die medisyne beskikbaar is. (2)

1.27 Ma's weet as kinders nie skool toe wil gaan nie.

Waarom is die stelling WAAR? (1)

1.29 Waarom, dink jy, gebruik die adverteerder die prentjie? (1)

[6]

TOTAAL AFDELING A: [30]

OEFENING 4

Afdeling A: Kyk- en leesbegrip

Vraag 1: Leesteks

Lees die onderstaande stuk en beantwoord die vrae wat volg.

Teks A

Suid–Afrika het ook 'n baie beroemde baanbreker of pionier opgelewer.

1. Op Saterdagmiddag 2 Desember 1967 het 'n tragedie op die ou einde verander in 'n gebeurtenis wat die hele wêreld laat regop sit het.

2. 'n Jong dame van 25 jaar is op hierdie Saterdagmiddag deur 'n motor raakgery. Sy is in die Groote Schuur Hospitaal opgeneem waar sy breindood verklaar is. Haar naam was Denise Darvall.

3. In dieselfde hospitaal het daar 'n 53-jarige pasiënt gelê. Hy het al 'n hele paar hartaanvalle gehad wat sy hart onherstelbaar beskadig het. Sy naam was Louis Washkansky.

4. 'n Briljante jong dokter, professor Christiaan Neethling Barnard, was 'n hartchirurg by die Groote Schuur Hospitaal. Hy is op 8 November 1922 op Beaufort–Wes gebore. Sy pa was 'n sendelingpredikant op hierdie dorp. Professor Barnard het al 'n geruime tyd navorsing gedoen oor die moontlikheid van hartoorplantings op mense. Louis Washkansky was die ideale kandidaat. Professor Barnard en sy span medici wat hom sou bystaan, het al weke lank gewag vir 'n geskikte hart. Denise Darvall se hart het aan al die vereistes voldoen.

5. Op Sondag 3 Desember 1967 het die heel eerste hartoorplanting net ná middernag begin. Om twee minute voor ses daardie oggend is die nuwe hart in Louis Washkansky se borskas met 'n elektriese skok aan die gang gesit.

6. Na die operasie het Washkansky sy volle bewussyn herwin en hy kon maklik met sy vrou praat.
7. Dit was 'n belangrike geskiedkundige gebeurtenis. Professor Barnard het die

waagmoed gehad om die heel eerste hart op ‘n mens oor te plant - ‘n “eerste” in die wêreld! Vandag is hartoorplantings wêreldwyd ‘n algemene operasie.

8. Na sy aftrede het hy die Christiaan Barnard Stigting, wat hulp aan minder - bevoorregte kinders oor die wêreld heen verleen, begin.

9. Op 2 September 2001 het Suid-Afrika se “koning van harte” op die ouderdom van 78 jaar gesterf. Hy is een van die bekendste Suid-Afrikaners en ons is trots op hom.

[Verwerk uit: *Siyavula*]

***Woordverklaring**

Baanbreker/pionier – *pioneer*
Tragedie – *tragedy*
gebeurtenis – *event*
opgeneem – *admitted*
breindood – *braindead*
hartaanvalle – *heart attacks*
onherstelbaar – *irreparable*
beskadig – *damaged*
hartchirurg – *heart surgeon*
sendelingpredikant – *missionary, pastor*
geruime tyd – *quite some time*
navorsing – *research*
hartoorplanting – *heart transplant*
vereistes voldoen – *met requirements*
middernag – *midnight*
elektiese skok – *electrical shock*
volle bewussyn herwin – *regain full consciousness*
geskiedkundige gebeurtenis – *historical event*
minder bevoorregte – *less privilege*
Stigting – *Foundation*

1.1 Kies die regte antwoord tussen hakies?

Pionier beteken om (eerste/laaste) te wees in jou gebied (*area*). (1)

1.2 Waarin het hierdie tragedie verander volgens paragraaf 1? (1)

1.3 Wat was hierdie tragedie waarvan gepraat word? (1)

1.4 Hoe oud was die dame (*lady*) wat in hierdie tragedie dood is? (1)

1.5 In watter hospitaal is hierdie dame opgeneem (*admitted*)? (1)

1.6 Wat was haar toestand(*condition*) toe sy by die hospitaal opgeneem is? (1)

1.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.7) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 1.7 E

Met “breindood” word bedoel dat ‘n persoon …

A. se brein nooit lewendig was nie.
B. se brein nie meer funksioneer nie.
C. nie ‘n brein gehad het nie.
D. nuwe siektes opgedoen het. (1)

1.8 Louis Washkansky se hart sou sy lewe gekos het.

Waarom is hierdie stelling WAAR? (1)

1.9 Waar is Professor Barnard gebore (*born*)? (1)

1.10 Wat se werk het Professor Barnard by die Groote Schuur Hospitaal gedoen? (1)

1.11 Hoe weet ons dat Professor Barnard in 'n godsdienstige *(religious*) huis grootgeword? (2)

1.12 Waarom kan ons sê dat hy nie 'n kans (didn't *take a chance*) met die hartoperasie gevat het nie? (1)

1.13 Hoekom was Louis Washkansky die ideale (*ideal*) persoon vir die hart-operasie? (1)

1.14 Waarom het hulle spesifiek Denise Darval se hart gebruik? (1)

1.15 Skryf die volledige datum van die eerste hartoorplanting neer? (1)

1.16 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraag-nommer neer, byvoorbeeld 1.16 E.

Die eerste hartoorplanting het in … plaasgevind.

A. Mosambiek
B. Amerika
C. Brittanje
D. Suid-Afrika. (1)

1.17 Hoe het hulle Washkansky se hart na die operasie weer laat klop (*start*)? (1)

1.18 Noem EEN ding wat vir ons sê dat die operasie 'n sukses (*success*) was. (1)

1.19 Waarom dink jy wou Professor Barnard minder bevoorregte (*less privileged*) kinders help? (1)

1.20 Wat was Professor Barnard se bynaam (*nickname*)? (1)

1.21 Is dit vir jou belangrik om beroemd (*famous*) te wees? Motiveer. (1)

1.22 Hoe, dink jy, trek Suid-Afrika voordeel (*benefit)* uit die beroemdheid (*fame*) van sy burgers (*citizens*)? (1)

1.23 Dink jy dit is reg om iemand se hart in 'n ander persoon te sit? Motiveer (1)

Teks B: Visuele teks

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae



1.24 Hoeveel Provinsies het ons in Suid- Afrika? (1)

1.25 Watter Provinsie het die meeste aan mediese sorg per persoon bestee (*spend*)? (1)

1.26 Watter Provinsie het die minste per persoon bestee? (1)

1.27 Vir watter tydperk (jaar) is hierdie statistieke (*statistics*) geneem? (1)

1.28 Watter bron (*source*) het hierdie statistieke verskaf *(provided*)? (1)

1.29 Doen Suid-Afrika genoeg om sy burgers (*citizens*) gesond te hou? Antwoord Ja of Nee en motiveer jou antwoord. (1)

TOTAAL AFDELING A: (30)

OEFENING 5

Afdeling A: Kyk- en leesbegrip
Vraag 1: Leesteks

Lees die onderstaande stuk en beantwoord die vrae wat volg.

Teks A

Jakkals en die heuningvoëljie

1. Jakkals lê eendag lekker en slaap, toe hoor hy skielik ‘n geflap van vlerke. Dit was Hettie, die heuningvoëljie. Hettie se vlerke het so vinnige geflap dat `n mens dit amper nie kon sien nie. Sy het haar lang, dun bekkie in `n blom ingesteek om die nektar te kry.
   “Hettie, wil jy nie vanaand by my kom eet nie?” Hettie kyk af na Jakkals. “Ja, dit sal lekker wees.” Jakkals glimlag skelm. Hy het ‘n plan.

2. Daardie aand, toe Hettie oorkom vir aandete, nooi Jakkals haar vriendelik na binne. Hulle gesels ‘n rukkie lank oor koeitjies en kalfies, toe sê hy dat hulle maar kan gaan aansit vir aandete. Hettie is baie honger, sy kan nie wag vir die kos nie! “Geniet dit!” sê Jakkals toe hy twee vlak bakke vol van die heerlikste kos op die tafel neersit. Hettie probeer eet, maar haar lang bek is in die pad! Sy kan nie by die kos uitkom nie - die bak is te vlak! Jakkals eet toe albei die borde kos op en lek sy lippe af van die lekkerkry. Hettie is toe maar honger huis toe. Jakkals lag skelm toe sy by die deur uitstap. Hy het haar ‘n lekker streep getrek!

3. Die volgende dag loop Jakkals deur die veld toe Hettie op hom afgevlieg kom. Hy dink eers sy wil kom baklei, maar sy is vriendelik. “Jakkals”, sê Hettie, “kom eet vanaand by my. Ek het `n heerlike dis voorberei en wil dit graag vir iemand maak”. Jakkals lek sommer dadelik sy lippe af van luskry. Hettie is `n goeie kok! “Ja, dankie, ek sal so maak!” sê Jakkals.

4. Sesuur daardie aand klop Jakkals aan Hettie se deur. Hy het nog nie middagete geëet nie, want hy weet mos hy gaan vanaand lekker eet! Hettie nooi hom vriendelik in en sê dat hulle sommer dadelik aansit vir ete, voor die kos koud word. Jakkals se mond water nou behoorlik! Hulle stap deur na die eetkamer en Jakkals gaan sit by die tafel. Die tafel is pragtig gedek, met die mooiste blomme as ‘n rangskikking in die middel van die tafel. Die messe, vurke, lepels en glase is reeds op die tafel. Hettie gaan kombuis toe om die borde kos te gaan haal. Toe sy die eetkamer binnekom, sien Jakkals iets vreeslik raak: sy het die kos in twee lang, diep flesse geskep! Sy glimlag asof niks fout is nie en sit die een fles voor Jakkals en een fles voor haarself neer.

5. “Lekker eet!” sê Hettie, met ‘n skelm glimlag. Sy steek dadelik haar lang, dun
   snawel in die fles in en begin eet dat die sop so spat. Jakkals voel of hy kan huil! Daar is geen manier hoe hy sy tong by die kos gaan kry nie, al probeer hy ook hóé hard!

6. Dit wys jou net! Doen aan ander wat jy wil hê hulle moet aan jou doen!

(OBE/UGB PLUS – Leerdergids)

1.1 Wie is die twee karakters in die storie? (2)

1.2 Wat het Jakkals gedoen toe hy Hettie se vlerke die eerste keer hoor flap het? (1)

1.3 Watter soort voëltjie is Hettie? (1)

1.4 Watter soort kos het Hettie in die blom gesoek? (1)

1.5 Hoekom kan `n mens amper nie Hettie se vlerke gesien het nie? (1)

1.6 Haal `n gedeelte aan wat vir ons sê dat Hettie Jakkals se uitnodiging aanvaar het? (1)

1.7 Wat het Jakkals gedoen toe Hettie die uitnodiging aanvaar het? (1)

1.8 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraag (1.8) en die letter (A-D) neer.

Om oor koeitjies en kalfies te gesels beteken om …

A. oor koeie te gesels.
B. oor alledaagse sakies te gesels.
C. oor die toekoms te gesels.
D. oor niks te gesels nie. (1)

1.9 Hoe weet ons dat Hettie baie honger was? (1)

1.10 Hoe het die bakke gelyk waarin Jakkals die kos geskep het? (1)

1.11 Hoekom kon Hettie nie die kos uit Jakkals se bakke eet nie? (1)

1.12 Verduidelik waarom die volgende stelling ONWAAR is.
Motiveer jou antwoord met ‘n aanhaling uit paragraaf 2.

Hettie het haar bord kos opgeëet. (1)

1.13 Waarom het Jakkals gedink dat Hettie wil baklei? (1)

1.14 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die letter (A-D) neer.

Jakkals het sy lippe gelek omdat Hettie …

A. ‘n goeie kok was.

B. min kos gemaak het.
C. ‘n sagte teiken was.
D. bang was. (1)

1.15 Hoe laat het Jakkals aan Hettie se deur geklop? (1)

1.16 Noem enige twee eetgereedskap wat op Hettie se tafel was toe Jakkals by die eetkamer instap. (2)

1.17 Hoe lyk die borde waarin Hettie die kos geskep het? (1)

1.18 Waarom dink jy het Hettie hierdie soort borde gebruik? (1)

1.19 Hoe het Jakkals gevoel toe hy nie die kos kon eet nie? (1)

1.20 Waarom dink jy was Jakkals nie ‘n goeie vriend vir Hettie nie? (1)

1.21 Sou jy soos Hettie gemaak het deur Jakkals ook `n streep te trek? (*revenge*) Sê JA/NEE en motiveer jou antwoord. (1)

1.22 Watter les leer ‘n mens uit hierdie storie? (1)

Teks B: Visuele teks

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae

Televisieprogramrooster

SABC 1		e.tv	
5:00	YO.TV	5:00	Hallelujah Africa
8:00	Take 5	5:30	Goeiemôre Suid-Afrika
8:30	Herhaling: The Bold And the Beautiful	8:00	Kassiekopies
		8:30	Herhaling: Backstage
9:00	Sepie: Generations	9:00	Oggendtydskrif
9:30	Sepie: Isidingo	9:30	WWE Velocity
10:00	Fliek: As die son sak	10:30	Fliek: Terminator
11:00	Net voor middagete	12:30	Wêreldnuus
11:30	Vepaphi	13:00	Judge Judy
12:00	Zola 7	13:30	Ricky Lake
13:00	YO.TV	14:30	Kassiekopies
16:30	Take 5	15:00	Tekenkopies
17:00	Nuushooftrekke	16:00	Tekenprente
17:10	Sepie: Days of our lives	16:45	Sepie: Passions
18:00	Sepie: The Bold and The Beautiful	17:30	Sepie: The Young and the Restless
18:30	Musiekprogram	18:15	Nuushooftrekke

19:00	Komedie: My kinders	18:30	Sepie: Backstage
19:30	Nuus	19:00	Nuus
20:00	Sepie: Generations	19:30	Friends
		20:00	Fliek: The Lord of the Rings

[*Koelkop* Leerdergids]

1.23 Noem die twee televisiekanale wat ons hier kry? (2)

1.24 Na watter program sal jy kyk as jy iets oor die Bybel wil sien? (1)

1.25 Hoe laat is die nuushooftrekke op die TWEEDE TV-kanaal? (1)

1.26 Watter gewilde sepie speel om agtuur (20:00) op die EERSTE TV-kanaal? (1)

1.27 Jy is die middag vroeg klaar met jou huiswerk. Sal jy televisie kyk of buite saam met jou maats gaan speel? Gee `n rede vir jou antwoord. (1)

Totaal Afdeling A: (30)

NASIENRIGLYNE

OEFENING 1

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
1.1	Maholwana-Sangqu	1
1.2	40 / veertig jaar oud	1
1.3	Sue Grant-Marshall	1
1.4	Oprah	1
1.5	Skoenfabriek	1
1.6	C – praat	1
1.7	Hulle moet hulself nie met ander mense vergelyk nie. (of soortgelyk)	1
1.8	• Hardy Boys • Famous Five	2
1.9	Waar. "Na matriek het Noeleen gaan werk om geld vir studies bymekaar te maak."	1
1.10	Verskeie	1
1.11	Vyf / 4 jaar	1
1.12	UNISA / Universiteit van Suid-Afrika	1
1.13	Lindt	1
1.14	Sy wou baie graag 'n onderhoud met oud-president Nelson Mandela gevoer het.	1
1.15.1	F – Onderhoudvoerder	1
1.15.2	C – Kletskoningin	1
1.15.3	B – Oudste kind van Noeleen	1
1.15.4	A – Tweeling	1
1.15.5	D – Rekenmeester	1

1.16	• Radio Transkei • Verskeie radiostasies	2
VRAAG	**ASSESSERINGSRIGLYNE**	**PUNT**
1.17	Ja. Sy dink dit is gesond. OF Nee. Sy eet dit net as sy gesond wil eet.	1
1.18	• Lindt-sjokolade • Pret • Onderhoude voer (Enige EEN)	1
		[24]

TEKS B: ADVERTENSIE

VRAAG	**ASSESSERINGSRIGLYNE**	**PUNT**
1.19	• Om die sin te beklemtoon. • Om die oog te vang. (Enige EEN)	1
1.20	• Om die gevoel van die spreker uit te druk. • Om te beklemtoon wat die spreker sê. (Enige EEN)	1
1.21	• 1 uit 5 kinders word in hulle eie huis mishandel. • 20 % kinders word in hulle eie huis mishandel. • Die persentasie kinders wat in hulle eie huis mishandel word. • Die statistiek van kinders wat in hulle eie huise mishandel word. (Enige EEN)	1
1.22	• Dit maak dat mense die advertensie glo. • Dit gee geloofwaardigheid aan die advertensie. (Eige EEN of soortgelyk)	1

1.23	A retoriese vraag.	1
1.24	A sy standpunt gemaak het.	1
		[6]
	TOTAAL AFDELING A	**[30]**

OEFENING 2

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.1	In grotte in Lascaux, Frankryk	2	1
1.2	C (17 000 jaar)	1	1
1.3.	Vleis, melk vel	3	1
1.4	Gejag	1	1
1.5	Ploeg	1	1
1.6	Vleisrasse/melkrasse/ dubbeldoelrasse	3	2
1.7	Hulle is gewerwelde/warmbloedig en soog hul kalfies	3	1
1.8	7/sewe	1	1
1.9	Gras en struike	2	5
1.10	Hard/ het nie veel gevoel nie/skurf/ bedek met ŉ epiteellaag (enige twee)	2	1
1.11	B (Onderkaak)	1	1
1.12	Beeste wei net vir ŉ paar uur per dag.	1	1
1.13	180 liter	1	1
1.14.1	Ruik	1	1
1.14.2	Loop	1	1

TEKS B: VISUELE TEKS

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.15	Limpopo en Noord-Kaap	2	3
1.16	Vrystaat	1	3
1.17	Oos-Kaap	1	3
1.18	15/30	1	3
1.19	Kwazulu-Natal/ Noordwes	1	3

OEFENING 3

AFDELING A: LEESBEGRIP
VRAAG 1

TEKS A: LEESTEKS			
VRAAG	**ANTWOORD**	**PUNT**	**VLAK**
1.1	Hart van die Vader	1	1
1.2	boodskap	1	2
1.3	Pa wees Rol van vader in die huis. (Enige een)	1	1
1.4	B / baie belangrik vir jou.	1	2
1.5	Redakteur	1	1
1.6	Neville Meintjies	1	1
1.7	Karin Zoid	1	1
1.8	Hy het nege van die liedjies op die album self geskryf.	1	2
1.9	Hy het aan sy TV-seun, Errol, gedink toe hy die liedjie …	1	2
1.10	15 September	1	1
1.11	SMS	1	1
1.12	R2 of twee rand (Enige een)	1	1
1.13	Afrikaans	1	2
1.14	informasie	1	2
1.15	Ja, as jy baie verkoop kan jy baie geld maak. Nee, as die mense dit nie koop nie, sal jy nie geld kry nie. (Enig een of soortgelyk)	1	3
1.16	14:30 OF half drie	1	1
1.17	TV 2	1	1
1.18	Happy Gilmore	1	2
1.19	2 keer	1	2
1.20	Robert Duvall en Ruben Blade	2	2
1.21	Dit word ook op TV 2 uitgesaai.	1	3
1.22	TV 1	1	1
1.23	Ja. Dit wys vir ons watter programme gaan gewys word. Nee. Dit is net geld mors. Enige een of soortgelyk)	1	3
	SUBTOTAAL:	**24**	
TEKS C: ADVERTENSIE			
1.24	Panado	1	1
1.25	B/ pediater	1	2
1.26	Tablet en stroop	2	2
1.27	Hulle ken ook alle planne wat kinders maak om nie …	1	3
1.28	Om die mense te oorreed om die pille te koop. Die advertensie gaan oor pille. (Of soortgelyk)	1	3
	SUBTOTAAL:	**6**	
	TOTAAL AFDELING A:	**30**	

OEFENING 4

AFDELING A: LEESBEGRIP
VRAAG 1

Vraag	Moontlike antwoord/e	Punt	Denkvlak
1.1	Eerste	1	2
1.2	In ‘n gebeurtenis wat die hele wêreld laat regop sit het.	1	1
1.3	‘n Motorongeluk/’n Jong dame is omgery/’n Jong dame is breindood verklaar. (Enige EEN of soortgelyk)	1	1
1.4	25 jaar	1	1
1.5	Groote Schuur Hospitaal	1	1
1.6	Sy was breindood	1	2
1.7	• B • se brein nie meer funksioneer nie. (Enige EEN)	1	2
1.8	Sy hart was onherstelbaar beskadig/swak hart/hartaanvalle	1	2
1.9	Beaufort-Wes	1	1
1.10	Hy was ‘n (hart)chirurg/dokter	1	1
1.11	Sy pa√ was ‘n sendelingpredikant√	2	2
1.12	Hy het navorsing oor die moontlikheid van hartoorplantings op mense gedoen.	1	2
1.13	• Sy hart was onherstelbaar vernietig/swak • Hy het vir ‘n hartskenking gewag/dieselfde bloedsoort gehad. (Enige EEN)	1	1
1.14	Haar hart het aan al die vereistes voldoen/was geskik.	1	2
1.15	3 Desember 1967	1	1
1.16	• D • Suid-Afrika (Enige EEN)	1	2
1.17	Deur ‘n elektriese skok .	1	1
1.18	• Hy het sy volle bewussyn herwin • Hy kon gemaklik met sy vrou praat (Noem net EEN)	1	2
1.19	• Hy wil almal gelyke kans op ‘n beter lewe gee. • Hy wou opleiding onder die minder bevoorregte kinders bevorder. • Hulle het nie geld om vir operasies te betaal nie. (Enige EEN of soortgelyk)	1	3
1.20	Koning van harte	1	1
1.21	**Ja,** dit gee my kans om die wêreld vol te reis en mense te ontmoet. • Jy kry die nodige erkenning en respek./Jy kan baie geld verdien. **Nee,** jy kan maklik vermoor word. • Mense gaan gedurig geld soek. • Jy sal nie vrylik kan beweeg nie./Jy werk te hard. (Enige EEN of soortgelyk)	1	3

1.22	• Mense kan die land besoek en geld kom belê en so kan weksgeleenthede geskep word. • Ander lande leer Suid-Afrika ken. • Ander lande sien dat Suid-Afrika goeie werk kan doen. (Enige EEN of soortgelyk)	1	3
1.23	Ja, dit gee ‘n ander persoon kans om te lewe. Nee, dit is oneties. • Godsdiens oortuigings kan ook in ag geneem word. (Enige EEN of soortgelyk)	1	3
1.24	• Nege • 9	1	1
1.25	Noord-Kaap/Kaap	1	2
1.26	Mpumalanga	1	2
1.27	April 2015 – Maart 2016	1	1
1.28	Statistieke Suid-Afrika	1	1
1.29	Ja, daar is hospitale en klinieke vir siek mense. • Mense het toegang tot medisyne en pille Nee, die geld wat per persoon bestee word is te min. • Daar is nie altyd medisyne en pille by klinieke nie. • Daar is te min dokters en verpleegsters. (Enige een of soortgelyk)	1	3
	Totaal Afdeling A	**30**	

OEFENING 5

Vraag	Moontlke antwoord/e	Punt	Denkvlak
1.1	• Jakkals√ • Hettie (heuningvoëltjie) √	2	1
1.2	• Jakkals het gelê en slaap√	1	2
1.3	• heuningvoëltjie √	1	1
1.4	• Sy het na **nektar** gesoek. √	1	1
1.5	• Haar vlerke het vinnig geflap. √	1	2
1.6	• "Ja, dit sal lekker wees. √	1	1
1.7	• Hy het skelm geglimlag. √	1	1
1.8	• B√ • Oor alledaagse sakies te gesels√	1	2
1.9	• Sy kon nie wag vir die kos nie. √	1	2
1.10	• Die bakke was vlak. √	1	1
1.11	• Haar bek was lank en sy kon nie by die kos uitkom nie. √ • Die bak was te vlak om uit te eet. √ (Of soortgelyk)	1	2
1.12	• "Jakkals eet toe albei die borde kos...." √	1	2
1.13	• Hy het haar die vorige dag 'n streep getrek. √ • Hy het nie vir Hettie die vorige dag kos gegee nie. √ (Of soortgelyk)	1	2
1.14	• A√ • Hettie 'n goeie kok was. √	1	2
1.15	• sesuur √	1	1
1.16	• Messe√ • Vurke√ • Lepels√ (Noem enige twee)	2	1
1.17	• Lang / diep √	1	1
1.18	• Sodat sy maklik daaruit kon eet. √	1	2
1.19	• Hy het gevoel asof hy kan huil. √	1	2
1.20	• Hy het vir Hettie baie sleg behandel. √ Hy het vir Hettie gekul. √ Hy het gesorg dat Hettie nie die kos geëet het nie. (Enige een of soortgelyk)	1	3
1.21	• Ja, want wat Jakkals gedoen het, het seergemaak. √ • Nee, 'n mens moet die ander altyd vergewe. √ (Enige een of soortgelyk)	1	3
1.22	• Doen aan ander mense wat jy graag wil hê hulle moet aan jou doen. √	1	3
1.23	• SABC 1√ • etv√	1 1	1 1
1.24	• Hallelujah Africa√	1	2
1.25	• 18:15 / Kwart oor ses	1	2
1.26	• Generations√	1	1

1.27	• Ek sal na my gunsteling program gaan kyk.√ • Ek sal eerder met my vriende gaan speel want dit is lekkerder as televisie kyk.√ (Enige een of soortgelyk)	1	3
	Totaal Afdeling A	**30**	